

# **Kinderdoop of die Doop van Gelowiges?**

**Het jy vrae oor die Doop?**

**Joel James**

Kopiereg © Joel James, 2019

**Word of the Cross**

Die boekie mag in gedrukte of elektroniese vorm versprei word onder die volgende voorwaardes:

- Die verspreiding moet gratis wees
- Geen veranderinge mag aan die teks aanbring word nie
- Alle kopieë moet die volgende bevat:  
Kinderdoop of die Doop van Gelowiges?  
Het jy vrae oor die Doop?  
Kopiereg © Joel James, 2019  
Gebruik met toestemming.

Indien u die boekie vir ander redes wil gebruik, moet toestemming verkry word vanaf **Word of the Cross**.

Oorspronklike uitgawe:

Infant Baptism or Believer's Baptism? © Joel James, 2003

Skrifaaanhalings geneem uit:

Die Bybel in Afrikaans. Bybelgenootskap van Suid-Afrika. 1933, 1953.

Gebruik met toestemming.

Die 1983 Bybelboek-name is gebruik.

Uitgegee deur

**Word of the Cross**

Posbus 39263

Garsfontein-Oos

0060

Suid-Afrika

[orders@gracefellowship.co.za](mailto:orders@gracefellowship.co.za)

# Inhoudsopgawe

Inleiding.....	1
Die Nuwe Testamentiese Doop .....	2
Riglyne vir die Doop .....	2
Die Doop van Huishoudings .....	10
Ander verse wat gebruik word om die Kinderdoop te ondersteun.....	16
Die Doop en die Besnydenis .....	20
'n Ontleding van Kolossense 2:11-12 .....	20
Kindertjies en die Nuwe Verbond.....	24
Die Kinderdoop en Geloof .....	29
Uitgestelde Geloof .....	32
Plaasvervangende Geloof.....	33
Nie-verwerpende Geloof.....	35
Die Kinderdoop as Toewyding .....	42
Slotwoord .....	44

## Vertalersnota

Die outeur gebruik soms woorde en begrippe wat moeilik met één woord in Afrikaans vertaal kan word en ons stel dit graag duidelik met die algemeen gebruiklike woorde in Afrikaans.

**Repent** word vertaal as “bekeer”. Dit sluit sondebeseft, sondebelydenis, en die wegdraai van sonde in.

**Conversion** word vertaal as “redding”. Dit sluit in wedergeboorte (’n nuwe hart) en bekering.

**Household** omvat huis, huisgesin of huishouding.

**Infant Baptism** word vertaal as “kinderdoop”. Die kinderdoop sluit die doop van babas en alle kindertjies in wat nog nie die betekenis en omvang van die woorde: sondebeseft, sondebelydenis, die vergifnis van sonde en die wegdraai van sonde sodanig begryp om ’n onafhanklike, verantwoordelike en verantwoordbare besluit oor die doop te neem nie.

# Inleiding

In Grace Fellowship Pretoria word gelowiges gedoop in teenstelling met sommige ander kerke in ons land. Van die mense wat ons kerk besoek, het gevolglik baie vrae oor die doop. Vanuit ons oogpunt gesien is die belangrikste vrae wat in die debat oor die doop voorkom, die volgende:

- Toon die Nuwe Testamentiese gedeeltes oor die doop dat die Apostels kindertjies of gelowiges gedoop het?
- Leer die Nuwe Testament dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het wat die doop van kindertjies dus geldig sou maak?
- Is die kindertjies van kerklidmate deel van die verbond en word hulle dan as “verbondskinders” gedoop?
- Is dit moontlik dat kindertjies by hulle doop reeds kan glo, en daarom gedoop kan word?
- Het die kinderdoop enige geestelike waarde indien dit gesien word as slegs ‘n toewyding van óf die ouer óf die kind?

# Die Nuwe Testamentiese Doop

## Riglyne vir die Doop

### Johannes die Doper

In Hoofstuk 3 van Matteus se Evangelie lees ons die eerste berig oor die doop. Daar berig Matteus oor Johannes die Doper se bediening. Dit was natuurlik voordat die kerk gevestig is op Pinksterdag. Ons kan aanneem dat Johannes se bediening ten opsigte van die doop wel die Apostels beïnvloed het. Sommige van hulle was inderdaad volgelinge van Johannes voordat hulle volgelinge van Jesus geword het (Johannes 1:35-40).

In daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judéa gepreek en gesê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom. ... En Jerusalem en die hele Judéa en die hele omtrek van die Jordaan het uitgegaan na hom toe. En hulle is deur hom in die Jordaan gedoop met belydenis van hulle sondes.

Matteus 3:1-2,5-6

Johannes het bekering gepreek; en diegene gedoop wat hulle sondes bely het, en God om vergifnis gevra het.

Inderwaarheid het Johannes die Fariseërs en Sadduseërs wat na hom gekom het om gedoop te word, (vers 7-8) se sogenaamde bekering verwerp. Johannes het nie geglo dat hulle werklik bekeer was nie, want hulle het nie geestelike vrug gedra nie. Hierdie godsdienstige leiers het, in hulle eie

oë, die regte voorouers gehad – “Ons het Abraham as vader” (vers 10) – maar dit het Johannes geensins beïndruk nie. Die doop is nie gebaseer op wie die ouers is nie, maar op persoonlike bekering en die wegdraai van sonde.

## Jesus se Opdrag oor die Doop

Alhoewel Johannes in sy Evangelie skryf dat Jesus se dissipels ook gedoop het (Johannes 4:1-2), is niks verder in die ander drie Evangelies te vinde nie; tog wel in die Groot Opdrag van Matteus 28.

Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.

Matteus 28: 19-20

Hierdie opdrag leer ons iets baie belangrik, naamlik *wie* die Apostels moes doop. Die Griekse woord *mathetes* is gebruik vir *dissipels* in die opdrag “Maak dissipels”. ‘n *Mathetes* was ‘n leerder, ‘n leerling van ‘n bepaalde onderwyser, iemand wat getrou nagevolg het wat hy geleer is. Die verskillende Skrifgedeeltes waarin *mathetes* in Matteus se Evangelie opgeteken is, maak duidelik dat ‘n dissipel van Christus een is wat ...

- ywerig Jesus se onderwysing bestudeer (5:1, 13:36)
- wat met vrymoedigheid Christus voor ander bely (10:24-33)

- wat sy verhouding met Christus hoër ag as sy verhouding met familie- en gesinslede (12:49)
- wat sy eie doelwitte, sy eie wense en sy eie verwagtings verloën (16:24) om Jesus se doelwitte, sy wense en sy verwagtings na te volg
- wat enigiets vir Jesus sou doen, selfs om vervolgt te word wat tot die dood kan lei (16:24)
- wat Christus se opdragte gehoorsaam (16:24).

Die Apostels moes sülke toegewyde volgelinge van Christus doop. Die wyd-gerespekteerde William Hendriksen (wat self die kinderdoop beoefen) het sekuur die opdrag in Matteus 28:19-20 soos volg opgesom, “Die konteks maak baie duidelik dat Jesus hiér gepraat het van hulle wat oud genoeg was om Sy woorde te verstaan. Jesus praat nie hier van kindertjies nie.”<sup>1</sup>

## **Petrus se voorwaarde in Handeling 2**

Tydens Petrus se preek op Pinksterdag maak hy vir die eerste keer melding van die doop. Hy maak duidelik dat die Apostels op dieselfde manier doop as wat Johannes en die dissipels van Jesus gedoop het.

Toe hulle dit hoor, is hulle diep in die hart getref en het vir Petrus en die ander apostels gesê: Wat moet ons doen, broeders? En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van

---

<sup>1</sup> William Hendriksen, *The Gospel of Matthew*, in New Testament Commentary (Grand Rapids: Baker, 1973), p. 1000.



Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.

Handelinge 2: 37-39

Met die woorde, “Bekeer julle en word gedoop”, het Petrus ‘n voorwaarde vasgelê waarby die Apostels dwarsdeur die boek van Handelinge gehou het: bekering gaan die doop vooraf, naamlik *eers na persoonlike bekering, dus die belydenis van sonde en wegdraai van sonde, volg die doop in water*. Die Apostels het presies dieselfde as Johannes die Doper gedoen. Bekering is die voorwaarde om gedoop te word, en nie wie die ouers is nie.

### **Watter belofte is daar vir julle kinders?**

Die woorde in Handelinge 2:39 (“... die belofte is vir julle en julle kinders”) word dikwels gebruik om die kinderdoop te regverdig. Sommige mense glo dat hierdie stelling meen dat ouers *sowel as* hulle kindertjies gedoop moet word, alhoewel ‘n noukeurige studie van die teks daardie interpretasie uitskakel. Heel eerste verwys Petrus in daardie belofte nie na die *doop* nie; die konteks toon dit onweerlegbaar. By die wedergeboorte ontvang die gelowige die Heilige Gees. Dit was die belofte.

Petrus het dit aan die begin van sy preek baie duidelik gestel dat die praat in tale wat die Apostels gedoen het, (2:4-13) nie die deurmekaar gepraterij van dronkaards was nie maar die

bewys dat die Messias, Jesus Christus, die Heilige Gees vir sy volgelinge gestuur het.

Hierdie mense is tog nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar die derde uur in die môre. Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is: En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom.

Handelinge 2:15-17

Aan die einde van sy preek het Petrus weer bevestig dat die gebeure van die oggend 'n vervulling van God se belofte was om die Heilige Gees in die Messiaanse era te stuur.

Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader *die belofte van die Heilige Gees* ontvang het, het Hy *dít* uitgestort, *wat julle nou sien en hoor*.

Handelinge 2: 33 (klem bygevoeg)

Wat Petrus bedoel het met “die belofte” in vers 39 is duidelik vanuit die konteks: naamlik die ontvangs van die Heilige Gees. Petrus het sy hoorders verseker dat die beloofde Heilige Gees tot beskikking was vir *almal* wat Jesus volg, nie slegs vir homself en die ander Apostels nie.

En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang. Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.

Handelinge 2:38-39

Petrus het drie groepe mense – volwassenes, hulle kinders en nie-Jode (hulle “ver weg”) – die gawe van die Heilige Gees belowe. Die belofte in al drie groepe staan op dieselfde grondslag: persoonlike bekering. Die kinders of afstammeling van hulle wat Petrus gehoor het, was welkom om deel te hê aan dieselfde gawe as hulle ouers, indien hulle ook self weergebore was. In hierdie vers is geen sprake van die kinderdoop nie. Petrus het in plaas daarvan verseker dat almal wat bekeer is, die Heilige Gees ontvang.

Volgens sy stelling in vers 38 sou Petrus nie kindertjies op Pinksterdag gedoop het nie. Geen kindjie is in staat tot die persoonlike, intelligente denkvermoë wat nodig is vir bekering nie. En Petrus het dit baie duidelik uitgedruk: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word.”

### **Wat wil God daardeur bewerkstellig?**

Is die kinderdoop nie ‘n teken van wat God in die lewe van so ‘n kindjie wil doen nie? Dit mag teologies klink om van die kinderdoop te praat as ‘n “voortlopende teken” vir ‘n verwagte bekering later in die lewe, maar hierdie beskouing van die doop word nooit in die Nuwe Testament geleer nie. Petrus het nie die doop as ‘n teken daarvan wat sou kom, (bv. toekomstige bekering) verkondig nie. Hy stel die doop as ‘n teken daarvan wat *reeds* gebeur het, net soos al die Apostels die doop beoefen het.

*Die wat toe sy woord met blydschap aangeneem het, is gedoop; en daar is op dié dag omtrent drieduisend siele toegebring.*

Handelinge 2:41 (klem bygevoeg)

Petrus het dit in Handelinge 2:38 duidelik gestel dat kinders ook die Heilige Gees sou kon ontvang en die doop in water sou kon ervaar *indien hulle tot bekering gekom het*. Die doop as 'n verwagting tot wedergeboorte was nooit genoem nie. So 'n siening van die doop is nêrens in die Nuwe Testament te vinde nie.

Eerder as om die kinderdoop te ondersteun het die gedeelte in Handelinge 2:38-39 'n vereiste gestel wat die kinderdoop totaal uitskakel. Al die Apostels was eensgesind daarin. Petrus het verklaar dat ouers *en hulle kinders* éérs belydenis van hulle sondes moes doen en dan gedoop word. Kom ons ondersoek die res van die boek Handelinge om te sien of die Apostels konsekwent was.

## **Handelinge 8:12**

Die volgende berig oor die doop het gekom toe Lukas berig het oor Filippus se werk in Samaria.

Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue.

Handelinge 8:12

Lukas het die volgorde van die gebeure in Samaria beklemtoon: nadat hulle Filippus se prediking geglo het is hulle gedoop.<sup>2</sup> Hulle geloof in Jesus Christus was duidelik waarneembaar en daarom is hulle daarna gedoop.

Lukas het ook berig dat Filippus “manne sowel as vroue” gedoop het; geen kindertjies is genoem nie. Indien die kinderdoop wel ‘n Nuwe Testamentiese gebruik was, sou dit juis hier genoem gewees het, soos byvoorbeeld “manne, vroue en *kindertjies*.”<sup>3</sup> Maar as mens die Apostels se vereiste: bekering vóór die doop, soos Petrus in Hoofstuk 2 vasgelê het, noukeurig lees, is dit geen verrassing dat kindertjies nie genoem word nie.

Die volgorde (bekering en *dan* die doop) was ook die gebruik in al die ander gedeeltes wat die doop in die Handeling van die Apostels noem: die Ethiopiër (8:35-38), Paulus (22:12-16) en die dissipels van Johannes die Doper in Efese (19:1-7). Petrus se voorwaarde dat bekering die doop voorafgaan, is noukeurig toegepas in die vroeë kerk soos berig is in die boek Handeling.

---

<sup>2</sup> Die geloof in 8:12 en die sondebelydenis in 2:38 is twee verskillende maniere om dieselfde reaksies op die Evangelie-verkondiging te beskryf. Vergelyk Markus 1:15 waar hulle gelyktydig deur Jesus genoem word.

<sup>3</sup> Sommige meen dat die boek van Handeling ‘n sending-aksie was met die doel om volwassenes te doop. Ons kan egter nie aanneem dat bekeerlinge nie begaan sou wees oor die doop van hulle kinders nie, veral as die doop gesien word as plaasvervangend vir die besnydenis. Die *eerste* ding wat hulle sou doen sou wees om hulle kinders te doop. Daar is egter geen bevestiging daarvoor te vinde nie.

## **Die Doop van Huishoudings**

Vir diegene wat vashou aan die kinderdoop as tradisie, het die beskrywings van die doop van huishoudings (in Handeling en 1 Korintiërs ) 'n vaste skans geword. Nadere ondersoek toon dat hierdie gedeeltes glad nie die kinderdoop ondersteun nie. Dit mag verrassend voorkom, maar dié gevalle versterk eerder die verwerping van die kinderdoop. In vier van die vyf gevalle waarin die doop van huishoudings genoem word in die Nuwe Testament, word die moontlikheid uitgesluit dat kindertjies gedoop is.

### **Cornelius se huishouding**

Petrus se preek vir Cornelius se huishouding het op die volgende noot geëindig:

Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang. En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het. En die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is. Want hulle het gehoor hoe hulle in tale spreek en God groot maak. Toe het Petrus begin spreek: Niemand kan tog die water weer, dat hierdie mense, wat net soos ons die Heilige Gees ontvang het, nie gedoop word nie? En hy het beveel dat hulle gedoop moet word in die Naam van die Here.

Handeling 10:43-48

As gevolg van die uiterlike tekens van hulle bekering (praat in tale en lofprijsing aan God) het Petrus besluit dat almal teenwoordig gedoop word. Dit is belangrik om daarop te let dat in Lukas se berig, die Heilige Gees op almal gedaal het “wat geluister het” (vers 44). Later het die kerk in Jerusalem dit wat in Cornelius se huis gebeur het, beskryf as: “So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk” (Handelinge 11:18).

Indien daar wel kindertjies teenwoordig was, het hulle na die boodskap *geluister*, hulle sonde *bely* en net soos die Apostels, die Heilige Gees as gawe *ontvang*, in tale *gepraat* en God *geprys*. Die teks noem dat “almal” teenwoordig deel van die lewens-veranderende gebeure (vers 44) was. Die moontlikheid dat kindertjies gedoop is word dus uitgesluit in die gebeure van Handelinge 10.

## **Die tronkbewaarder van Filippi en sy huisgesin**

Handelinge 16 berig oor die bekering van die tronkbewaarder in Filippi en sy huisgesin.

En hy het hulle na buite gebring en gesê: Menere, wat moet ek doen om gered te word? Toe sê hulle: Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin. En hulle het aan hom die woord van die Here verkondig en aan almal wat in sy huis was. En in dieselfde uur van die nag het hy hulle geneem en hulle

wonde gewas, en hy is onmiddellik gedoop, hy en al sy mense. Toe bring hy hulle in sy huis en sit hulle 'n maaltyd voor; en hy het hom verheug met sy hele huisgesin dat hy tot geloof in God gekom het.

Handelinge 16:30-34

Lukas skryf dat Paulus Christus verkondig het “en hulle het aan hom die woord van die Here verkondig en aan *almal* wat in sy huis was” (vers 32). Maar ons moet ook vers 34 in ag neem: “... en hy het hom verheug *met sy hele huisgesin*”; almal in die huisgesin het reddende geloof bely en daarom is hulle almal in water gedoop net soos die Apostels gedoen het.

### **Crispus en sy huisgesin**

En Crispus, die hoof van die sinagoge, het met sy hele huisgesin in die Here geglo; en ook baie van die Korintiërs het, toe hulle hom hoor, gelowig geword en is gedoop.

Handelinge 18:8

Hierdie berig wys duidelik wat die Nuwe Testamentiese gebruik ten opsigte van die doop was. Crispus, sy gesin en baie lede van die Korintiese kerk het Paulus se verkondiging van die Evangelie gehoor en het reddende geloof bely; slegs daarna is hulle gedoop. Almal in Crispus se huis is gedoop omdat almal geglo het wat Paulus verkondig het. Met ander woorde, *geen* melding van kindertjies is gemaak nie.



## Stefanas se huisgesin

Ek dank God dat ek niemand van julle gedoop het nie, behalwe Crispus en Gajus, sodat niemand kan sê dat ek in my naam gedoop het nie. Ek het ook nog die huisgesin van Stefanus gedoop. Verder weet ek nie of ek iemand anders gedoop het nie. Want Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig, nie met wysheid van woorde nie, sodat die kruis van Christus nie verydel mag word nie.

1 Korintiërs 1: 14-17

Terwyl Paulus in sy brief oor die verdeeldheid in die kerk in Korinte skryf, noem hy ook dat hy die huisgesin van Stefanus gedoop het. Ondersteuners van die kinderdoop kan spekuleer dat kindertjies moontlik ook deel van die huisgesin was. Dit is nietemin nie die enigste keer waar Paulus oor die huisgesin van Stefanus skryf nie.

En ek versoek julle, broeders — julle weet dat die huisgesin van Stéfanas die eersteling van Acháje is en dat hulle hul tot diens van die heiliges gestel het —

1 Korintiërs 16:15

Paulus skryf dat die gesin van Stefanus hulleself tot diens van die heiliges gestel het. Die woord *dikonia* beteken om te dien, en word nooit in die Nuwe Testament gebruik in samehang met die woord vir kindertjies in die Griekse taal nie. Die woord vir “eersteling” was ‘n woord in terme van die wedergeboorte (sien Jakobus 1:18). Stefanus se huisgesin het tot reddende geloof gekom en het ywerig gedien, dit wat geen klein kind kon doen nie.

Opsommend net dit: sommige reken dat juis die feit dat kindertjies *nie* genoem word nie, rede is om aan te neem dat daar wel kindertjies in die gesin was. Maar indien ons noukeurig sou ondersoek, was elkeen van hierdie berigte nie stilswyend oor die teenwoordigheid van kindertjies nie. In werklikheid is geskryf oor gebeure wat die moontlikheid, dat kindertjies teenwoordig was en gedoop is, uitgesluit het.

## **Lidia en haar huishouding**

Die laaste berig oor die doop van huishoudings is dié van Lidia in Handeling 16.

En op die sabbatdag het ons uitgegaan buitekant die stad langs 'n rivier waar die gebruikelike bidplek was, en ons het gaan sit en met die vroue gespreek wat daar bymekaargekom het. En 'n vrou met die naam van Lidia, 'n purperverkoopster van die stad Thiatíre, 'n godsdienstige vrou, het geluister; die Here het haar hart geopen om ag te gee op wat deur Paulus gesê is. En toe sy en haar huisgesin gedoop is, het sy by ons aangedring en gesê: As u oordeel dat ek in die Here glo, kom dan in my huis en bly daar. En sy het ons gedwing.

Handeling 16:13-15

Van al vyf berigte oor die doop van huishoudings is hierdie die enigste wat nie onmiddellik die teenwoordigheid van kindertjies uitsluit nie. Dit is die enigste berig wat onvolledig genoeg is sodat mens sou kon spekuleer dat kindertjies *moontlik* gedoop is.

Lukas se weergawe van hierdie gebeure maak dit egter onwaarskynlik dat Lidia se huishouding wel kindertjies kon

ingesluit het. Lukas stel Lidia voor as 'n ongetroude vrou; óf 'n weduwee, of 'n geskeide vrou. Geen eggenoot is genoem nie. Die feit dat sy die mans uitgenooi het om in haar huis tuis te gaan, sonder om haar man se goedkeuring te vra, laat ons aanneem dat sy nie onder die gesag van haar man gestaan het nie. Ons kan aanneem dat Lidia wel ongetroud was en haar eie besigheid bedryf het. Ook dat die huisbediendes saam met haar na die gebedsbyeenkoms gegaan het.

Om die doop van kindertjies hierin te lees, moet mens spekuleer oor haar huwelikstaat. Mens moet dan maar dink dat sy en haar moontlike man 'n kindjie gehad het binne 'n jaar na die gebeure soos in die Bybel berig, en dat die kindjie dan ook deel van die gebedsbyeenkoms was. Maar dit is verbeelding en geen Bybeluitleg nie. Dit bewys ook niks nie. Om die kinderdoop uit hierdie gedeelte in die Bybel te wil leer, moet dit eers *veronderstel* word, en dan *ingevoeg* word.

## **Opsommend**

Ons sluit hierdie gedeelte af met Louis Berkhof se oorsig ten opsigte van die opdragte en voorbeelde oor die doop wat in die Nuwe Testament voorkom:

Dit moet gesê word dat daar geen uitdruklike opdrag in die Bybel voorkom waar kindertjies gedoop moet word nie, en dat daar geen geval genoem is waarin duidelik berig is dat kindertjies wel gedoop is nie.<sup>4</sup>

Dit is 'n verrassende en openhartige uiteensetting komende van 'n gerespekteerde teoloog wat wel die kinderdoop voorstaan. Dit is nietemin die enigste gevolgtrekking wat in lyn met die Skrif is: die kinderdoop word nie in die Nuwe Testament beveel nie, en daar is ook geen voorbeeld in die Nuwe Testament te vinde nie. Petrus se voorwaarde op Pinksterdag – die wedergeboorte moet die doop voorafgaan – is noukeurig toegepas in die Nuwe Testamentiese kerk.

## **Ander verse wat gebruik word om die Kinderdoop te ondersteun**

Aangesien daar geen duidelike melding gemaak word van die kinderdoop in die Skrifgedeeltes waarin dit gaan oor die doop nie, word ander gedeeltes in die Nuwe Testament soms gebruik om die kinderdoop te probeer regverdig. Maar as ons versigtig na die Skrifgedeeltes kyk, kan ons steeds nie Bybelse gronde vir die kinderdoop kry nie.

---

<sup>4</sup> Louis Berkhof, *Systematic Theology*, (Grand Rapids: Eerdmans, 1939, 41, herdruk 1991), p.632.

## **Markus 10:14-16**

In hierdie en soortgelyke gedeeltes het Jesus die dissipels tereggewys omdat hulle ouers verbied het om hulle kindertjies na Jesus te bring om geseën te word. Jesus se deernis vir daardie kindertjies word soms gebruik om die kinderdoop te ondersteun. Inderdaad sê hierdie gedeelte dat Jesus slegs sy hande op die kindertjies gelê het; daar is geen aanduiding van doop nie. Terwyl Jesus se liefde en deernis vir kindertjies wel duidelik getoon word, leer hierdie verse niks oor die doop nie.

## **1 Korintiërs 7:14**

Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig.

Diegene wat kindertjies doop, gebruik soms hierdie vers om te bewys dat God kindertjies heilig verklaar by die doop. In hierdie gedeelte van 1 Korintiërs 7, spreek Paulus egter dié aan wat gedink het dat seksuele omgang in die huwelik uit die bose was en dat die huwelik op sigself ook verontreinigend was. Getroudes wat gelowig geword het, is selfs aangemoedig om te skei om heilig te lewe.

Paulus het die teendeel geleer. 'n Huwelik waarin een huweliksmat gelowig geword het, behoort in stand gehou te word indien die ongelowige huweliksmat dit so in orde vind (verse 12-13). God sien daardie huwelik geensins as onheilig of verontreinigend nie. Net so is kindertjies wat in só 'n

huwelik gebore word geensins “onrein” soos die Korintiërs gedink het nie; hulle was wel “geheilig”. Want die ongelowige man is geheilig deur die vrou, en die ongelowige vrou is geheilig deur die man; want anders sou hulle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig” (vers 14).

Ondersteun hierdie vers die kinderdoop? Om die waarheid te sê, die doop word nie eers genoem nie. In werklikheid word sterk gesuggereer dat daar nie eers so iets in die Korintiese kerk gedoen is nie. Indien kindertjies gedoop was, en dus, toegewy was aan die Here, sou die kwessie van onrein kindertjies nooit ter sprake gekom het nie. Indien kindertjies wel gedoop was, waarom sou Paulus nie eenvoudig gesê het: “Wees nie bekommerd nie gelowige/ongelowige huweliksmaat, jou kind is heilig verklaar deur sy/haar doop?” Dat Paulus hierdie kwessie moes aanspreek en ook dat hy nie die kinderdoop as ‘n oplossing vir die probleem gesien het nie, dui daarop dat die kindertjies nie in die Korintiese kerk gedoop is nie.

## **Opsomming**

Behalwe Markus 10:14-16 en 1 Korintiërs 7:14, word ander verse nou en dan ten opsigte van die kinderdoop aangehaal. Die argument bly nietemin in elke geval dieselfde. Die verse ondersteun nie die kinderdoop nie en het inderwaarheid niks met die kinderdoop te doen nie.

‘n Oorsig oor die gedeeltes wat na die doop verwys, toon oortuigend dat die Nuwe Testament glad nie die kinderdoop leer nie, en ook dat geen geleentheid genoem is waarby

kindertjies gedoop is nie. Die doop van gelowiges daarenteen is wel in die Nuwe Testament geleer én beoefen. Daarom, tensy ander oortuigende getuienis sou opduik, moet ons daarby volstaan dat die kinderdoop 'n onbybelse plaasvervanger vir die Nuwe Testamentiese doop van gelowiges is.

# Die Doop en die Besnydenis

Omdat die kinderdoop nie in die Nuwe Testament geleer of aanbeveel is nie, leun diegene wat die kinderdoop voorstaan swaar op *teologiese* argumente om hulle oortuiging te staaf. Een van die argumente is dat die doop as 'n teken van God se verbond in die plek van die besnydenis gekom het. Omdat seuntjies in die Ou Testament besny is, (Genesis 17:10, ens.) behoort ouers hulle kindertjies ook te laat doop. Alhoewel veel gesê is ten opsigte van die doop as 'n in-die-plek-van die besnydenis, is die enigste gedeelte wat deur ondersteuners van die kinderdoop aangehaal word, Kolossense 2:11-12:

... in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, ...

Die woorde *doop* asook *besnydenis* word in hierdie verse genoem. Dit alleen bewys niks. Die vraag is dit: leer Kolossense 2:11-12 dat die doop met water die fisiese besnydenis *vervang* het? Die sleutel is in die woord *vervang*. Indien Kolossense 2:11-12 nie hierdie *vervanging* leer nie, kan diegene wat kindertjies doop geen vers aanhaal om te leer dat die doop met water die besnydenis vervang het nie.

## 'n Ontleding van Kolossense 2:11-12

Paulus skryf hierdie brief as 'n teenargument teen die vals leraars wat ingesluip het in die kerk van Kolosse. Hulle het 'n



vreemde vermenging van Joodse ritualisme en Griekse mistiek ingebring. Dit is dan geen wonder dat die vals leraars die seremonie van die besnydenis verhoog het tot 'n sentrale plek in die wedergeboorte nie. Paulus het alreeds hiermee te doen gehad. In hierdie geval staan hy die vals leraars se leerstelling teen deurdat hy die Kolossense herinner het dat hulle 'n besnydenis het wat voortrefliker was as dié een wat die wet-aanhangers verkondig het. Die Kolossense het 'n besnydenis wat "sonder hande" gedoen is, Christus se hart-chirurgie tydens die wedergeboorte. Hierdie "besnydenis van Christus" was geestelik, eerder onsigbaar as sigbaar.

... in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus, ...

Kolossense 2:11

Word die fisiese besnydenis enigsins in hierdie vers genoem? Nee. Paulus verklaar dat die Kolossense 'n interne geestelike verandering ondergaan het wat beskryf is in die Ou Testament (Deuteronomium 10:16; Jeremia 4:4), die besnydenis van die hart. Met ander woorde, die enigste vers wat deur die kinderdopers genoem word, noem hoegenaamd nie dat daar sprake van 'n fisiese besnydenis was nie. Hoe kan so 'n vers dan gebruik word as bewys dat die doop met water in-die-plek-van die fisiese besnydenis gekom het?

Benewens die feit dat die liggaamlike besnydenis nie eens genoem word nie, is dit ook waar dat geen woord in Kolossense 2:11-12 melding maak van die gedagte dat die doop met water die fisiese besnydenis vervang het nie. Paulus skryf wel dat die gelowiges in Kolosse wel *albei* beleef

het, naamlik besnydenis van die hart *en* 'n doop “op grond van geloof.”<sup>5</sup> Die vervanging van die fisiese besnydenis deur die doop met water – die een ding waarop kinderdopers aandring om hulle siening te regverdig – word inderdaad nie hier genoem nie.

Kinderdopers beroep hulle op Kolossense 2:11-12 omdat dit die enigste teksverse in die Nuwe Testament is waarin die woorde *doop* en *besnydenis* albei genoem word. Hierdie verse ondersteun nie hulle leerstelling dat die doop die besnydenis *vervang* nie.

## **Die argument wat nooit gebruik is nie**

Paulus het gedurig in konflik gekom met Jodemakers wat die nie-Jode wou dwing om besny te word om sodoende gered te word. Dit was die sentrale kwessie tydens die Vergadering in Jerusalem in Handeling 15.

Maar sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs het opgestaan en gesê: Dit is noodsaaklik dat hulle besny word ...

Handeling 15:5

Indien die Nuwe Testamentiese kerk die kinderdoop wel toegepas het, sou dit maklik gewees het om hierdie kwessie

---

<sup>5</sup> Die fokus op die innerlike hart laat ons dink dat Paulus moontlik nie eens die doop met water in gedagte gehad het nie. Die doop met die Heilige Gees sou die gepaste alternatiewe naam wees vir die besnydenis van die hart, nie die doop met water nie. Die vals leraars het gefokus op die uiterlike ritueel; Paulus het die aandag gevestig op die innerlike werking van God.

oor die kinderdoop uit te klaar. Daar sou geen debat nodig wees nie. Al wat vir die Apostels moes sê, was: “Die doop het in die plek van die verbondsteken, die besnydenis, gekom, dus is dit nie nodig om nie-Jode te besny nie.” Eenvoudig. Die einde van die argument. Die vergadering is afgehandel.

Alhoewel dit ‘n klaarblyklike antwoord vir die besnydeniskwessie was, het Paulus en die ander Apostels dit nooit gebruik nie. Waarom nie? Dit was nie die waarheid nie. Die simboliek agter die doop was nie dieselfde as by die besnydenis nie. Die besnydenis het ‘n verhouding met God gesimboliseer wat nie noodwendig die persoonlike belydenis van sonde en die vergifnis van sonde ingesluit het nie. Daarenteen het die doop niks minder as dit verteenwoordig nie (Handelinge 2:38). Omdat die twee sieninge (potensieel) verskillende verhoudings met God verteenwoordig het, het die Apostels nie geleer dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het nie.

# Kindertjies en die Nuwe Verbond

In die Ou Testament is seuntjies kort ná geboorte besny as teken dat hulle tot die verbondsvolk Israel behoort.

Kinderdopers meen dat kindertjies ook gedoop moet word om aan die nuwe verbondsgemeenskap, die kerk, te behoort.

Behoort kindertjies van kerklidmate gedoop te word as “verbondskinders”? Die Heidelbergse Kategismus leer as volg:

Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is (a). Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes nie deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes (b) en die Heilige Gees, wat die geloof werk (c), belowe. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word (d). So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen (e), in die plek waarvan in die Nuwe Verbond die doop ingestel is (f).<sup>6</sup>

Ongelukkig is hierdie siening van die verbond gebaseer op ‘n ernstige, onvoldoende begrip van die nuwe verbond. Deur geboorte het ‘n kindjie deel van die volk Israel, God se verbondsvolk, geword. Dit geld egter nie vir die nuwe verbond nie. Die vereiste om deel te wees van die nuwe verbond is nie ‘n fisiese nie, maar ‘n *geestelike* wedergeboorte.

---

<sup>6</sup> Heidelbergse Kategismus, antwoord 74.

Kinders van Israelitiese ouers was na hulle geboorte outomaties deel van die verbond. Abraham het selfs vreemde slawe wat hy vir sy huishouding gekoop het, besny om te toon dat hulle deur assosiasie deel van die verbond was (Genesis 17:12-13). Die besnydenis van Joodse seuntjies en slawe het nie 'n reddende, vergewende en persoonlike kennis-van-God verhouding met YHWH tot gevolg gehad nie. Dit beteken dus dat in die Ou Testament, binne die volk Israel, 'n oorblyfsel was: 'n groep ware gelowiges binne die breër ongeredde verbondsvolk van Israel (1 Konings 19:14,18; Romeine 9:27). Met ander woorde, in die Ou Testament kon iemand deel wees van die verbondsvolk sonder om persoonlik weg te draai van sonde na God.

Die nuwe verbond, soos deur Christus ingestel, is *anders*. Dit is bevestig in die heel eerste en belangrike uitspraak ten opsigte van die nuwe verbond.

Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie...

Jeremia 31:31-32

Hoe sou hierdie nuwe verbond met God anders wees as die verbond met God in die tyd van die volksvaders en die verbond met Moses? Daar sou niemand in die nuwe verbond wees wat hulle nie van sonde bekeer het nie. In die ou verbond was daar gereddes en ongereddes; in die nuwe verbond is daar slegs gereddes, dié wat hulle van hul sondes bekeer het. Hulle sou dan deel wees van die nuwe verbond.

God het dit duidelik gestel toe hy baie noukeurig die kenmerke van die nuwe verbond in Jeremia 31 gegee het.

... Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; ... En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, ... want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.

Jeremia 31:33-34

‘n Persoon word nie deel van die nuwe verbond deur die fisiese geboorte nie. Inteendeel, in Jeremia 31 is dit gebaseer op die volgende drie voorwaardes:

1. Innerlike verandering: “Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart...” (vers 33)
2. Persoonlike verhouding met God: “... hulle sal my almal ken, klein en groot onder hulle ...” (vers 34)
3. Persoonlike vergifnis van sondes: “... want ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie” (vers 34).

Die woorde van Petrus in Handeling 2:38 val nou in plek. “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word...” Die doop as uiterlike teken van die nuwe verbond kan slegs plaasvind indien iemand hom/haar bekeer. Waarom? ‘n Persoonlike verhouding waarvan die vergifnis van sonde deel is, was die hart van die nuwe verbond. In die nuwe verbond het God die deelgenootskap eksklusief gemaak vir die

*oorblyfsel* – hulle wat hulle bekeer het en Hom persoonlik ken.

## **Kinders van die verbond?**

Paulus skyf aan die Galasiërs dat persoonlike geloof in Christus toegang tot die nuwe verbond gee, en nie om sekere ouers te hê nie. Soos Johannes die Doper, het Paulus geglo dat om Abraham, (of enige iemand anders) as aardse vader te hê, geen voordeel sou inhou om toegang tot die nuwe verbond te kry nie.

Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham.

Galasiërs 3:7

Paulus het nadruklik verklaar dat in die Nuwe Testamentiese era, kindskap in die verbondsgemeenskap alleen deur geloof moontlik is, nie deur geboorte of enige uiterlike ritueel nie. Met ander woorde, slegs diegene wat dieselfde soort reddende geloof as Abraham gehad het, kan kinders van die verbond genoem word.

Sodat die wat uit die geloof is, geseën word saam met die gelowige Abraham.

Galasiërs 3:9

Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus.

Galasiërs 3:26

## Opsomming

Kinderdopers glo dat kerklidmate se kindertjies gedoop moet word om te toon dat hulle deel van die nuwe verbondsgemeenskap, die kerk, is. Dit toon egter 'n foutiewe begrip van die nuwe verbond. Terwyl fisiese geboorte toegang tot die verbondsvolk Israel verseker het, is toegang tot die nuwe verbond slegs deur middel van 'n geestelike *wedergeboorte* moontlik. Dit was die rede waarom Petrus vereis het: "Bekeer julle en laat julle doop." Die doop as teken van die nuwe verbond is slegs gedoen vir mense wat werklik deelgenote van die nuwe verbond was: hulle wat God persoonlik ken en vergifnis van hulle sonde ontvang het (Jeremia 31).



## Die Kinderdoop en Geloof

Sommige kinderdopers begryp tog wel wat in die vorige hoofstuk ontdek is. Die doop is 'n teken van die nuwe verbond en dit is beperk tot hulle wat “kinders van God deur die geloof in Christus Jesus” is (Galasiërs 3:26). Maar hulle beweeg slim óm hierdie punt deurdat hulle beweer dat kindertjies by hulle doop wel geloof het (synde persoonlik of deur hulle ouers). Daarom sou hulle wel kwalifiseer as deelgenote vir die nuwe verbond. Is dit Bybels korrek om te sê dat kindertjies wel *in Jesus Christus* glo en daarom gedoop behoort te word?

Protestantse gelowiges wat kindertjies doop stem saam oor hoe die volwassenes weergebore word. Redding is uit genade, deur die geloof in Jesus Christus en die vergifnis wat verkry is deur Sy dood en opstanding (1 Korintiërs 15:1-3). Teoloë uit daardie tradisie is baie noukeurig om geloof te omskryf. Geloof, verklaar hulle, bestaan uit drie komponente: emosie, intellek en keuse: en hulle is reg.<sup>7</sup> Dit word maklik uit die Skrif bewys. Daar is, byvoorbeeld, baie gedeeltes oor die rol wat intellek of kennis in die geloof speel:

Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van

---

<sup>7</sup> Berkhof, pp. 503-506.

wie hulle nie *gehoor* het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?

Romeine 10:13-14 (klem bygevoeg)

Christus ... in wie julle ook, nadat julle *die woord van die waarheid*, die evangelie van julle redding, *gehoor het*, in wie julle, nadat julle ook geglo het, verseël is met die Heilige Gees van die belofte, ...

Efesiërs 1:12-13 (klem bygevoeg)

(Kyk ook na Johannes 14:6; Kolossense 1:3-6)

Charles Hodge som die onontbeerlike rol wat kennis in reddende geloof speel in sy “Systematic Theology” op.

Wat Protestantse gelowiges handhaaf is dat kennis ... noodsaaklik vir geloof is: en gevolglik dat geloof beperk word deur kennis. Ons kan slegs glo wat ons weet, naamlik wat ons met ons verstand begryp.<sup>8</sup>

Kinderdopers erken ook die belangrikheid wat keuse in reddende geloof speel. Daar is voldoende Skriftuurlike bewyse daarvoor:

Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God *ontvang het* wat deur ons verkondig is, julle dit *aangeneem het* nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat glo.

1 Tessalonisense 2:13 (klem bygevoeg)

---

<sup>8</sup> Charles Hodge, *Systematic Theology*, 3 vols., (Grand Rapids: Eerdmans, reprinted 1977), vol. 3. p. 84.

Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense *het* Hom nie *aangeneem* nie. Maar almal wat Hom *aangeneem het*, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; ...

Johannes 1:11-12 (klem bygevoeg)

(Kyk ook Genesis 15:6; Jakobus 2:20,22; 2 Timoteus 1:12; ens.)

Louis Berkhof verduidelik die plek van 'n God-gemotiveerde keuse in reddende geloof met die volgende woorde:

Hierdie (wilskrag of keuse) is die element wat die kroon plaas op geloof. Geloof is nie slegs 'n saak van die verstand nie, ook nie die kombinasie van verstand en emosie nie; dit is ook 'n saak van die wil ... (dit is 'n wilsbesluit) ... 'n handeling deur die siel wat na die doelwit uitreik en daarop beslag lê ... en in reddende geloof is dit 'n kwessie van lewe en dood en dat daardie doelwit wel opgeëis word.<sup>9</sup>

Opsommend kan ons beide Hodge en Berkhof aanhaal:

Wat die Skrif bedoel met geloof ... die geloof wat vir redding nodig is, is 'n handeling wat die hele siel, die begrip, die hart en die wil insluit.<sup>10</sup>

In die Ou- en Nuwe Testamente is geloof dieselfde heelhartige toewyding aan God.<sup>11</sup>

Hierdie definisies plaas diegene wat kindertjies doop in 'n penarie. Kan so 'n kindjie Bybelse geloof by sy/haar doop hê?

---

<sup>9</sup> Berkhof, p. 505.

<sup>10</sup> Hodge, vol.3, p.91.

<sup>11</sup> Berkhof, p. 498.

Hoe kan 'n kindjie 'n kennis-gefundeerde keuse maak om in die persoon en werk van Jesus Christus te glo? In enige normale definisie wat geloof omskryf is dit tog onmoontlik dat 'n kindjie geloof kan hê wanneer hy/sy gedoop word. Met daardie insig sê party dat kindertjies 'n *ander* tipe geloof het as wat volwassenes by hulle doop het. In werklikheid skep hulle drie kategorieë wat slegs van toepassing is op die kindertjies van kerklidmate.

## **Uitgestelde Geloof**

In 'n poging om verby die waarheid te kom dat kindertjies nie in staat is om kennis te hê en 'n keuse te maak voordat hulle gedoop word nie, skep hulle 'n nuwesoortige geloof wat ons *uitgestelde geloof* kan noem. Hulle verkondig dat so 'n kindjie deur die doop weergebore is en dus deelgenoot aan die nuwe verbond word. Ware geloof kom eers later. Met ander woorde, die Heilige Gees plant 'n saadjie van die nuwe lewe by sy/haar doop, maar geloof in Christus en sy werk aan die kruis kom eers jare later. Hierdie kinderdopers het die konsep *wedergeboorte-nou* en *geloof-later* geskep as verdediging van hulle siening. Dit berus op drie foutiewe opvattinge ten opsigte van die wedergeboorte: die tydstip, die gevolge en die wyse.

1. *Die tydstip*: Die Skrif gebruik die woorde: *wedergeboorte, om te glo, geloof en bekering* (die wegdraai van sonde na God) gelykwaardig om één gebeurtenis, naamlik die oomblik van redding, te omskryf. Om die *wedergeboorte* (geestelike herlewing)

en *geloof* met jare en selfs dekades te skei, het geen Bybelse ondersteuning nie. In die Bybel word die oomblik van *wedergeboorte* en *geloof* gelyktydig beleef.

2. *Die gevolge*: Omdat die ontvanger van hierdie sogenaamde “wedergeboorte” onbewus van die gebeurtenis is, veroorsaak dit dat die oomblik van die “bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees”, (Titus 3:5) heeltemal sonder effek ervaar word. Maar die Skrif leer ons (soos ‘n fisiese geboorte nuwe lewe sigbaar toon) dat die lewensveranderende gebeurtenis oombliklik plaasvind en nie een is wat 15 jaar neem om ‘n waarneembare uitwerking te hê nie.
3. *Die manier*: Die saad wat die wedergeboorte voortbring, is die Woord van God, die Evangelie, en nie die kinderdoop nie. “Want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie maar uit onverganklike, deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly” (1 Petrus 1:23). Die Bybel leer dat die wedergeboorte deur die hoor van die Woord van God en die geloof daarin gebeur, (Romeine 10:13-14) nie as gevolg van die kinderdoop nie.

## **Plaasvervangende Geloof**

Benewens die begrip uitgestelde geloof is daar nóg ‘n beskouing wat sommige kinderdopers handhaaf om uit hulle penarie, soos voorheen genoem, te probeer kom, naamlik

plaasvervangende geloof. Hulle glo dat by die kinderdoop die geloof *van die ouers* plaasvervangend, in die plek van die nog-nie-bestaande geloof van hulle kindjie, dien. Hierdie beskouing kan besmoontlik beskryf word as *plaasvervangende* geloof. Dit is geloof wat uitgeleef word namens iemand anders. Aangesien 'n kindjie nie self ingeligte, reddende geloof kan hê nie, glo die ouers dan namens hulle kindjie. Maar leer die Bybel iets oor plaasvervangende geloof?

### **'n Bybelse beoordeling van plaasvervangende geloof**

Wanneer 'n mens probeer om die *Bybelse* argumente wat plaasvervangende geloof ondersteun te analiseer, kom die probleem duidelik na vore: die idee is inderwaarheid glad nie te vinde in die Skrif nie. Die stelling van Berkhof wat ons vroeër aangehaal het, is 'n spies deur die hart van die plaasvervangende geloofsoortuiging: "In albei Testamente is geloof dieselfde *eie heelhartige toewyding aan God*" (klem bygevoeg).<sup>12</sup>

Kinderdopers gebruik graag verkeerdelik die vers in Josua 24:15 om hulle verstommende leerstelling te bewys. In hierdie bekende vers verklaar Josua dat sy huis nie aan die afgodediens sal deelneem nie: "... maar ek en my huis, sal die Here dien." Josua, as leier van sy hele huis, kon afgodery belet en kon sy familie en dienaars dwing om God uiterlik te

---

<sup>12</sup> Berkhof, p.498.

aanbid. Maar, kon hy werklik namens hulle *glo*? Die teks noem hoegenaamd nie so iets nie.<sup>13</sup> Geloof is 'n persoonlike draai na God toe en word altyd so in die Skrif aangedui (Romeine 10:9, 13-14, 17; Galasiërs 3:2, 22; 1 Tessalonisense 2:13). In Hebreërs word dit as volg gestel:

En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag;  
want *hy wat tot God gaan*, moet glo dat Hy is en 'n  
beloner is van die wat Hom soek.

Hebreërs 11:6 (klem bygevoeg)

## Nie-verwerpende Geloof

Benewens uitgestelde geloof en plaasvervangende geloof word 'n derde nuwesoortige beskouing oor geloof geskep om die doop van kindertjies te probeer ondersteun – nog 'n beskouing wat die gewone definisie van geloof as 'n op-kennis-gebaseerde keuse om Christus te volg, weerspreek. Ons sal hierdie vreemde siening oor geloof die *nie-verwerpende-geloof* noem. Hierdie mening verklaar dat aangesien 'n kindjie nie regtig in Christus kan glo nie, sy/haar nie-verwerping van Christus voldoende is om as geloof te dien. Daarom glo hulle dat die kindjie wel geloof het wanneer hy/sy gedoop word.

Charles Hodge skryf: “Die doop verseker hulle van redding *indien hulle nie afstand van hulle doopverbond doen nie*

---

<sup>13</sup> Hierdie is 'n voorbeeld van ongeldige teksuitleg – Deur na iets te verwys wat nié sê wat vereis word om die standpunt te bewys nie.

(klem bygevoeg).”<sup>14</sup> Berkhof som sy beskouing as volg op: “Dit word aanvaar dat hulle weergebore is totdat die teendeel in hulle lewens sigbaar is.”<sup>15</sup> Met ander woorde, gedoopte kindertjies van kerklidmate word in hulle kleintyd, kindertyd en volwassenheid as wedergeborenes aanvaar solank as wat hulle nie Christus verwerp nie. Dit is nie redding wat aktief in Christus en sy werk glo nie; dit is geloof wat slegs gegrond is op ‘n *nie-verwerping* van Christus.

Op dieselfde trant dui die teoloog John Murray aan dat alhoewel kindertjies van kerklidmate nie in staat tot intelligente geloof en bekering is nie, hulle doop in werklikheid *dieselfde* as ‘n volwassene se doop na bekering, uitbeeld.

Die doop verteenwoordig eenheid met Christus asook lidmaatskap in sy liggaam. Dit geld vir volwassenes sowel as kinders. En so, in alle doeltreffendheid, beteken die kinderdoop presies dieselfde as die doop van weergebore volwassenes, naamlik die goddelike getuienis van hulle eenheid met Christus en die goddelike versekering en bekragtiging van hierdie groot waarheid.<sup>16</sup>

Murray sê dat ‘n gedoopte kindjie eenheid-in-Christus ontvang. Dit is woorde wat die Skrif uitsluitlik vir geredde volwassenes gebruik (Romeine 6:5ff; Kolossense 3:1,3;

---

<sup>14</sup> Hodge, vol. 3, p.590.

<sup>15</sup> Berkhof, p.627.

<sup>16</sup> John Murray, *Infant Baptism*, p.90, soos aangehaal deur Robert Saucy, *The Church in Gods Program*, (Chicago: Moody, 1972), p.203.



Efesiërs 2:5,6). Murray glo dat hierdie eenheid-in-Christus volkome word tydens 'n kinderdoop.<sup>17</sup> Hodge stem saam:

Hulle wat gedoop is, in alle gevalle, indien *sonder weerstand*, ervaar die vergifnis van sondes en die vernuwung deur die Heilige Gees (klem bygevoeg).<sup>18</sup>

(Die doop) verseker hulle van hulle redding indien hulle nie hulle doopverbond verloën nie.<sup>19</sup>

Die kindjie is, met ander woorde, gedoop en verseker van sy/haar wedergeboorte, gebaseer op sy/haar *nie-verwerpemde* geloof. Hierdie "geloof" sluit nie 'n bewuste persoonlike erkenning van sy/haar sonde teen 'n heilige God in nie. Ook bevat dit geen bewuste soeke na vergifnis en die wegdraai van sonde nie. Dit sluit ook geen kennis aangaande Christus se dood en opstanding in nie, asook geen onderwerping aan Christus nie. Redding word verseker, nie as gevolg van geloof in Christus nie, maar om kwansuis *neutraal* teenoor Christus te staan.

---

<sup>17</sup>Murray skryf in sy klassieke kommentaar by die notas van Romeine 6 die bogenoemde. Murray en ander nie-Katolieke kinderdopers sê nie dat *elke* gedoopte kindjie gered is of gered sal word nie. Sommige dopelinge sal Christus later verwerp, as bewys dat hulle nie deur God vernuwe is tydens hulle doop nie. Dit, volgens hulle siening, veroorsaak dat hulle nie beskuldig kan word dat hulle doop gelykwaardig aan die wedergeboorte is nie. Dit is dan verklaarbaar dat verwarring heers oor standpunte soos hierbo genoem.

<sup>18</sup> Hodge, vol.3, p.582.

<sup>19</sup> Ibid., p.590.

## **‘n Beoordeling van die nie-verwerpende geloof**

Hierdie is voorwaar ‘n eienaardige siening oor die geloof; dit is ook onbybels. Hoe kan ons sê dat die volgende *ware* redding is – ‘n redding wat gebaseer is op geen soeke na vergifnis en geen bewuste en aktiewe vashou aan Christus nie? Hierdie siening word nêrens in die Skrif geleer nie; die Bybel leer, intendeel, altyd die teenoorgestelde.

Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Romeine 10:13

Daarom dank ons God ook sonder ophou dat, toe julle die woord van God *ontvang het* wat deur ons verkondig is, julle dit *aangeneem het* nie as die woord van mense nie, maar, soos dit waarlik is, as die woord van God wat ook werk in julle wat *glo*.

1 Tessalonisense 2:13 (klem bygevoeg)

Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom *aangeneem het*, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat *in sy Naam glo*; ...

Johannes 1:11-12 (klem bygevoeg)

(sien ook Johannes 3:16, 36; 6:40; Handeling 16:31; Efesiërs 1:13, ens.)

Die nie-verwerpende “geloof” wat sommige aanhang as hulle kindertjies doop en dan ook glo dat kindertjies ‘n reddende geloof het wanneer hulle gedoop word, is ‘n geloof wat nie in die Bybel voorkom nie. Volgens die Bybel het ‘n persoon slegs ‘n *lewende en reddende* geloof in die Evangelie of glad nie. Daar is geen “nie-verwerpende” middelveld nie.

Wanneer die redding van *volwasse nes* beskou word, is heelwat kinderdoop-*tradisies* baie Bybels in hulle definiëring van wat wedergeboorte en geloof is. Maar, wanneer dit by die kinderdoop kom, verander hulle – sonder Bybelse ondersteuning – daardie definisies. Hulle weerspreek hulself deur te sê dat die wedergeboorte geen onmiddellike effek toon nie; geloof is iets wat iemand anders namens jou kan doen. Ook dat geloof geen aktiewe oortuiging in Christus is nie.

’n Belangrike progressie is hier ter sprake: diegene wat kindertjies doop begin met ’n praktyk wat die Skrif nie leer nie en waarvan geen voorbeeld in die Bybel te vinde is nie. Om daardie praktyk dan te verdedig, word hulle gedwing om teologiese definisies oor die wedergeboorte en geloof te skep wat die Bybel nie leer nie. Die hele proses is stap vir stap foutief.

### **’n Gedagte oor die wedergeboorte**

Daar wag ’n dodelike gevolg/uiteinde vir veral kindertjies van kerkgangers wat glo dat geloof slegs beteken om Christus nie te verwerp nie: hulle vind die wedergeboorte onnodig. Berkhof is byvoorbeeld oortuig dat die bekering - ’n doelbewuste wegdraai van sonde en ’n draai na God - noodsaaklik is vir volwasse nes en onnodig vir gedoopte kindertjies.<sup>20</sup> Interessant genoeg haal hy geen teks uit die

---

<sup>20</sup> Ibid., p.490-91.

Skrif aan om sy siening te staaf nie, hy verklaar dit eenvoudig. Geen teks in die Bybel leer dit nie; feit is dat baie verse juis die teenoorgestelde leer. Jesus het byvoorbeeld vir die dissipels gesê dat indien hulle nie bewustelik omkeer nie, hulle nie gered sal word nie.

Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!

Matteus 18:3

Bekering – ‘n nederige bewuste omdraai vanuit sonde na God toe – is nodig vir redding, ook so vir die dissipels, wie se ouers deel van die verbond was. Buiten Christus se woorde in Matteus 18, bevestig die res van die Bybel dat, onder sowel die ou en die nuwe verbond, aktiewe geloof en ‘n bewuste wegdraai van sonde, redding is en redding kenmerk.

Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg *verlaat* en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE *bekeer*, dan sal Hy hom barmhartig wees; ... want Hy vergeef menigvuldiglik.

Jesaja 55:6-7 (klem bygevoeg)

Paulus se verkondiging van die Evangelie het altyd bekering ingesluit. Jesus het vir Paulus op die pad na Damaskus gesê dat Hy Paulus stuur “om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in Jesus vergifnis van sonde kan ontvang” (Handeling 26:18). Daarom was Paulus se heilsboodskap dieselfde vir Jode en nie-Jode (heidene):

... maar ek het eers aan die mense in Damaskus en in Jerusalem en in die hele land van Judéa en aan die heidene verkondig dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God bekeer deur werke te doen wat by die bekering pas.

Handelinge 26:20

Die Skrif leer nie 'n ander proses van redding (byvoorbeeld een wat bekering uitsluit) vir gelowiges se kindertjies nie. In beide die Ou- en die Nuwe Testament, vir alle persone, beteken die wedergeboorte dieselfde as redding. Ook indien iemand gebore is in 'n huis waarvan die ouers deel van die verbond is, soos die twaalf, bly 'n aktiewe bekering noodsaaklik vir redding.

## **Opsomming**

Die meeste kinderdopers sien in die Nuwe Testament die vanselfsprekende verband tussen geloof en doop. Dit laat hulle egter in 'n penarie. Hulle besef dat hulle nie kan verklaar dat 'n kindjie by die doop volle, normale Bybelse geloof kan hê nie. Geloof sluit kennis en keuse in, onmoontlik vir so 'n klein kindjie. Om die probleem te omseil het hulle, die kinderdopers, spesiale definisies vir wedergeboorte en geloof vir kindertjies geskep. Daardie definisies het geen Bybelse grondslag nie. Inderwaarheid staan dit lynreg teen wat die Bybel leer oor wedergeboorte, geloof en bekering.

# Die Kinderdoop as Toewyding

Sommige kinderdopers hou nie by die siening van die doop soos wat in die vorige hoofstukke bespreek is nie. Hulle doop kindertjies en beskou dit as 'n toewyding van of die ouers of die kindjie. Die onderskeid lê in die *uitwerking* van die doop. Die tradisionele siening (synde dat dit 'n goddelike handeling is) handhaaf dat die doop 'n verandering bewerkstellig in die persoon se status voor God. 'n Verandering wat dan onderskei tussen gedoopte en ongedoopte kindertjies. In teenstelling daarmee, onderneem die ouers by die doop om die kindjie in die weë van die Here op te voed; niks meer as dit nie. Geen verandering van status voor God word in hierdie soort doop gesien nie.

## Die dieper betekenis

Dit moet genoem word dat baie ouers wat die doop van hulle kindertjies as toewyding laat doen het, nie leef volgens wat hulle onderneem het nie. Die deurslaggewende kwessie is dit: indien 'n kindjie as gevolg daarvan deel is van die kerk (in die nuwe verbond deel), dan was die doop nie slegs as 'n toewyding gedoen nie. 'n Wesentlike uitwerking word dan aan dié soort doop geheg. Daar is geen onderskeid tussen die geestelike status van 'n gedoopte of ongedoopte kindjie nie. Die toewyding-seremonie was slegs uiterlike vertoon.

## **‘n Beoordeling van die toewyding-siening**

Sommige mense doop kindertjies slegs vir die publieke bekendmaking dat hulle van voorneme is om die kindjie in die weë van die Here op te voed. Om die voorneme tydens ‘n seremonie bekend te maak, is sekerlik prysenswaardig. Maar waarom is water nodig en word dit ‘n doop genoem? Om die woord *doop* in daardie geval te gebruik is ‘n ernstige misbruik van ‘n tegniese woord in die Nuwe Testament. *Doop* is die Bybelse woord vir ‘n Christus-gegewe opdrag wat die interne afwassing van sonde tydens die wedergeboorte uitbeeld; ‘n kindjie- of ouertoewyding het daarmee niks te doen nie.

Hierdie nie-doop wat wel ‘n doop genoem word, weerhou uiteindelik baie mense wat in die kerk grootword om werklik as gelowiges gedoop te word soos wat Christus die opdrag gegee het en soos die Apostels dit gedoen het. Om te glo dat die toewyding-seremonie voldoende was, is hulle ongehoorsaam aan Christus se opdrag om as gelowige gedoop te word. Die toewyding-siening ten opsigte van die kindertjies se doop moet verwerp word want dit is, moontlik onwetend, ‘n onbybelse plaasvervanger vir die Christus-gegewe opdrag wat die Apostels in die Nuwe Testament gehoorsaam het.

## Slotwoord

Alhoewel die argumente vir die kinderdoop baie teologies mag klink, beskou ons dit as onbybels. Kinderdopers handhaaf hulle siening slegs deur hulle te beroep op stilte in die Nuwe Testament ten opsigte van die kinderdoop. Dit kan nie as 'n oortuigende argument gebruik word nie. Die Apostels het dit nie gedoen nie. Aan die ander kant, as ons die talle verwysings in verband met die doop van gelowiges onder oë neem, kan 'n mens sien dat hulle indrukwekkende teologiese argumente geen Bybelse ondersteuning het nie. Dit sluit alles vanaf die besnydenis en die verbond tot die wedergeboorte en hulle nuwesootige sienings oor die “geloof” van kindertjies in.

Ons doop gelowiges in Grace Fellowship Pretoria omdat ons oortuig is dat, dit wat God se Woord *wel sê* oor die doop, God se duidelike opdrag oor die doop is. Ons mag nie die doop van gelowiges vervang met 'n praktyk wat nie duidelik beveel of nie bevestig is met voorbeelde uit die Skrif nie. Daarom doop ons hulle wat persoonlik hul sonde besef het, hul sonde bely het, vergifnis verkry het en weggedraai het van hul sonde; diegene wat nou in Jesus Christus glo as Here. Ons moedig daardie Christene aan wat as kindjie “gedoop” is, om as 'n gelowige gedoop te word, soos wat in die Nuwe Testament berig is.



## Boekies reeds vertaal in Afrikaans

- **Kinderdoop of die Doop van Gelowiges?**  
Het jy vrae oor die Doop?
- **Die Bybel en Selfliefde**  
Word Christene beveel om *hulself* lief te hê?
- **Oorwin Woede**  
’n Bybelse handleiding om geduldig, verdraagsaam en lankmoedig te word.
- **Vergifnis**  
’n Bybelse handleiding om te vergewe soos God vergewe.
- **Vrae en Antwoorde oor Genesing, Spreek in Tale en Profesie**  
Wat sê die Bybel werklik oor wonderwerkende tekens en gawes?

